PAUL ROOS GIMNASIUM & DIE RUPERT MUSEUM

SKEP RUIMTE VIR KONNEKSIE DEUR KUNS

Op Saterdag 18 September het Stellenbosch leerders met ʻn talent en belangstelling in kuns bymekaar gekom om ʻn begeleide toer van die Rupert Museum te ervaar. Die doel was om leerders aan ʻn hoë-klas kunsmuseum en kunswerke deur plaaslike kunstenaars bloot te stel. Die wenwerke van die top 41-100 portrette wat deel vorm van die "Portrait 100 Award" uitstalling, is ook besigtig en bespreek. Die toer is deur 34 leerders van Paul Roos Gimnasium, Stellenbosch Hoërskool, Lückhoff Hoërskool, Hoër Meisieskool Bloemhof, Rhenish Girls' High School en die Calling Academy meegemaak. Al die leerders kom uit 'n verskeidenheid van gemeenskappe van die Stellenbosch-omgewing, terwyl ander in koshuis(e) tuisgaan en van omliggende plattelandse dorpe kom.

Dertig van hierdie leerders sal deelneem aan die uitreikprogram wat met die opwindende "See and Be Seen" kunsuitstalling en -veiling saamval. Paul Roos Gimnasium se "See and Be Seen" uitstalling en veiling word met trots deur Investec aangebied en sal op 19 Oktober by Paul Roos se nuwe binnenshuise krieketsentrum open. Die doel van hierdie uitstalling en veiling is om fondse vir die "Borg ʻn Paul Rooser" inisiatief in te samel. Dié inisiatief verseker die volgehoue topklas opvoeding van Paul Roos leerders wat uit minderbevoorregte agtergrond kom. ʻn Diverse seleksie van opkomende kunstenaars, bekendes wat kuns maak, professionele en bekroonde visuele kunstenaars dra tot dié uitstalling by. Die dertig leerders (Graad 9-11) wat aan die uitreikprogram deelneem, sal kunswerke van hul eie skep, wat ook deel van die uitstalling vorm. Ter aanvulling tot hierdie dertig kunswerke, sal twintig Paul Roos Graad 8-leerders kunswerke tot die uitstalling bydra.

Die "See and Be Seen" uitreikprogram vind by en in samewerking met die Rupert Museum plaas. Die begeleide museumtoer was ʻn bekendstelling aan die Rupert Museum, waar die leerders twee middae op Dinsdag die 28ste en Woensdag die 29ste September tussen 15:00 en 18:30 gaan deurbring. Die museumtoer en -samekoms het ook gedien as bekendstelling aan mekaar. Elke leerder sal aan ʻn leerder van ʻn ander skool en/of gemeenskap voorgestel word. Hierdie twee leerders sal mekaar deur middel van kunsoefeninge en -aktiwiteite leer ken. Die oefeninge en aktiwiteite sal deur kunsfasiliteerder en –opvoeder, Lara Nieuwenhuis, gefasiliteer word. Aan die einde van dié twee sessies sal elke leerder ʻn portret van ʻn mede-leerder, wat hul voorheen nie geken het nie, maak deur die kunsmaakproses wat hul leer ken het, kan tentoonstel. Hierdie portrette sal ʻn spesiale toevoeging tot die kunsuitstalling wees en behoort interessante gesprekke te ontlok.

Paul Roos oudstudent en kunstenaar, Portchie, het besluit om prysgeld vir die uitreikprogram te skenk. Paul Roos leerders sal aangemoedig word om al die kunswerke wat tydens die "See and Be Seen" uitreikprogram geskep is, te beskou en vir hul gunsteling drie kunswerke te stem. Die drie mees gewaardeerde kunswerke sal kontantpryse tussen R500 en R1000 wen. In die gees van kunswaardering sal die Paul Roos leerder wat die gewildste kunswerk voorspel, ook ʻn kontantprys ontvang. Dit is nie net vir Paul Roos en Portchie belangrik dat leerders in die skep van kuns betrek word nie, maar ook in die waardering daarvan.

Hierdie projek is gemik op die skep van ruimte waarbinne konneksie kan plaasvind – veral in ʻn tyd waar leerders ontneem is van aktiwiteite en gebeurtenisse wat hulle toelaat om met ander mense te skakel, hul geestelike en emosionele welstand te verseker en ruimte vir persoonlike groei te skep. Dit is met `n spesifieke doel dat die interaktiewe kunsprogram tydens Erfenismaand plaasvind. Erfenisdag

en -maand is nie net gemik op die verering en onthou van ons diverse erfenisse nie, maar ook van ons alledaagse lewens en die omarming en aanvaarding van diversiteit binne die gemeenskappe waarbinne ons beweeg.

Die opwinding het hoog geloop en dit was duidelik dat die leerders die dag geniet het. Slegs vier van die 34 leerders wat die toer bygewoon het, was al voorheen by die Rupert Museum. Juis hierom is die dag as ‘n spesiale geleentheid beskou. Paul Roos Gimnasium kon die leerders aan ‘n museum wat sy deure (teen geen koste) aan alle gemeenskapslede oopmaak en so toeganklik maak, blootstel. Die leerders is opgewonde om ‘n volgende keer na hierdie ruimte terug te keer – nie net as kunswaardeerders nie, maar as kunstenaars self. Die leerders is veral opgewonde om die geleentheid om saam met bekroonde en professionele kunstenaars uit te stal, blootstelling en ervaring in die opwindende en bevrydende wêreld van die kunste, te geniet.

Om een van die werkswinkels by te woon en te dek of om onderhoud(e) te skeduleer, kontak gerus vir Luna Paige by media@paulroos.co.za of whatsapp 082 859 2420 om ‘n oproep te skeduleer. Wees welkom om gebruik te maak van een van die foto`s soos geneem op die 18de September 2021 tydens die begeleide toer by die Rupert Museum. Toegang kan tot die fotos verkry word deur op die onderstaande skakel te klik. Klik hier om fotos te beskou

Amptelike tye van die komende werkswinkel:

Dinsdag 28 September: 15:00 – 18:30, Rupert Museum

Woensdag 29 September: 15:00-18:30, Rupert Museum